

12

HERSIENING

Ek onthou wat ek geleer het

DOEN VOORAF

- Gebruik HET HULLE ONTHOU? en berei voor vir 'n vasvrakompetisie, of om vrae te vra en hulle te lei na die regte antwoorde.
- Reël dat die ouers verversings saamstuur en nooi hulle uit om na die klas saam gesellig te kom verkeer.

MEER INLIGTING

Feite uit Lesse 6-11

- Toe Abram en Sara al oud was, het die Here **belowe** dat Sara 'n baba gaan hê.
- Die Here het by sy **belofte** gehou, en Isak is gebore.
- Die Here het **belowe** om altyd vir ons te sorg.
- Dominees se belangrikste werk is om –
 - te preek;
 - kerkisasie te hou (dit is om mense iets te leer); en
 - huisbesoek te doen.
- Die reëls wat die Here vir ons gegee het om te wys hoe ons moet lewe as ons lief is vir Hom, noem ons die tien gebooie. (Vra dat hulle 'n paar van die gebooie moet opnoem. Gee leiding waar nodig.)
 - **Ons moet God alleen aanbid.**
 - **Ons mag geen beelde aanbid nie.**
 - **Ons mag nie God se Naam misbruik nie.**
 - **Sondag moet ons kerk toe gaan.**
 - **Ons moet ons ouers eer.**
 - **Ons mag nie doodslaan nie.**
 - **Ons mag nie steel nie.**
 - **Ons mag nie egbreuk pleeg nie.**
 - **Jy mag nie jok nie.**
 - **Jy mag nie begeer nie.**

- Jesus het gelykenisse vertel as Hy mense iets belangrik wou leer.
- Een van die gelykenisse gaan oor die verlore seun.
- In hierdie gelykenis leer Jesus ons om mekaar te vergewe.
- Mense van die Ou Testament het God in die tempel aanbid.
- Net die priester mag in die tempel ingegaan het.
- Die gewone mense het hul offers buite die tempel gebring.
- Ons almal gaan in ons kerkgebou in.
- Ons kerkgebou lyk anders as die tempel.
- Ons het 'n preekstoel en nie 'n altaar nie.
- Die dominee preek uit die Bybel op die preekstoel.
- Ons gee geld as dankoffer, en ons offer nie diere nie.

Vrae

Vra die volgende vrae en lei hulle waar nodig na die regte antwoord:

- Waarheen het Jesus en sy dissipels gegaan nadat Jesus die Nagmaal ingestel het? (*Na Getsemane, 'n tuin buite Jerusalem.*)
- Hoekom was Jesus baie bang? (*Jesus het geweet Hy gaan binnekort gevang en gekruisig word.*)
- Wat het Jesus gedoen toe Hy bang was? (*Hy het gaan bid.*)
- Wat moes die dissipels doen terwyl Jesus gaan bid het? (*Hulle moes saam met Hom wakker bly.*)
- Wat het Jesus gevra toe Hy bid? (*My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie vreeslike ding nie met My gebeur nie. Maar U moet nie doen wat Ek wil nie, U moet doen wat U wil.*)
- Wat was hierdie vreeslike ding wat Jesus gevra het nie met Hom moet gebeur nie? (*Om gekruisig te word.*)
- Wat het die dissipels gedoen terwyl Jesus gebid het? (*Hulle het aan die slaap geraak.*)
- Hoeveel keer het Jesus gaan bid? (*Drie keer.*)
- Het die vreeslike ding toe met Jesus gebeur? (*Ja, Hy is gekruisig.*)
- Het dit Hom gehelp toe Hy gebid het? (*Ja, want Hy het geweet wat die Here laat gebeur, is die beste.*)
- Wat moet jy doen as jy baie bang is vir iets? (*Bid dat die Here my bangheid sal wegneem.*)

KOM ONS BEGIN

Open deur saam Gesang 543: 1 te sing, of gebruik dit as gebed.

*Here Jesus, ek is klein,
maak U self my lewe rein.
Laat ek altyd van U leer;
laat ek grootword tot u eer.*

*O Jesus, neem my,
o Jesus, lei my,
o Jesus, sterk my
en vorm my tot u eer.
Amen.*

VANDAG ONTHOU ONS

BEGIN SO

Skerp die belangrikste sake van Lesse 6-11 soos by MEER INLIGTING hierbo by die kinders in.

IETS OM TE DOEN

- Gebruik HET HULLE ONTHOU? uit al die lesse van Lesse 1-11 en skerp die feite weer by hulle in.
- Doen dit soos wat jy voorberei het.

BY DIE HUIS

- Laat hul ouers hulle die feite in hul boeke leer.
- Laat hulle die prente in hul boeke gaan inkleur.

AFSLUITING

- Sluit af met Gesang 552: 1 en 2 as gebed. Lees dit of laat hulle dit sing.

*Liewe Vader, ek sê dankie vir die wêreld rondom my,
want die hemel en die aarde het ons als van U gekry.*

*Liewe Vader, ek sê dankie vir die lewe rondom my –
al die blomme en die diere het hul prag van U gekry.*

- Almal gaan geniet verversings as dit so gereël is.

Belangrik:

Reël dat die ouers volgende week saam kom klas toe.